1.8.5 Ledegelde word deur klubs bepaal en is direk aan klubs betaalbaar.

1.8.6 Lede se affiliasiegelde vir die daaropvolgende jaar is voor of op 31 Oktober aan die Raad betaalbaar vir die volgende jaar en is nie terugbetaalbaar nie.

1.8.7 Affiliasiefooie word jaarliks deur die Raad bepaal en by Fauresmith bekend gernaak.

1.8.8 Slegs lede wie se ledegeld op datum is, en wie se affiliasiegelde aan die Raad oorbetaal is, is stemgeregtig op vergaderings van die Vereniging, en is verkiesbaar op besture van die Vereniging. (Kyk 1.8.6).

1.8.9 Lede wie se ledegelde en/of affilliasiegeld vir twee (2) maande agterstallig is se lidmaatskap is ipso facto opgeskort (met verbeuring van alle regte en voorregte) totdat die uitstaande gelde betaal is. So 'n lid mag nie deelneem aan die Vereniging se verrigtinge nie en is ook onderhewig aan skorsing. (Kyk 1.7.5.1)

1.8.10 Die Raad kan onder bepaalde omstandighede 'n lid vrystel van die betaling van ledegeld en/of affiliasiegeld.

1.9 ORGANISASIESTRUKTUUR VAN DIE VERENIGING

1.9.1 Die Uithouritvereniging van Suid-Afrika bestaan uit 'n nasionale liggaam naamlik die Raad en 'n aantal unies. Elke unie bestaan uit minstens drie (3) geakkrediteerde klubs.

1.9.2 Die Raad koordineer en beheer uithouritaangeleenthede

op nasionale vlak terwyl unies en klubs hierdie funksie

onderskeidelik op streeks- en plaaslike vlak verrig.

1.9.3 Alle unies is verteenwoordig op die Raad en alle klubs is

verteenwoordig op uniebesture.

1.10 **STRUKTUUR VAN DIE RAAD**

Die organ isasiestru ktu ur van die Raad maak voorsiening vir die volgende ampte, staande komitees en ad hoc komitees.

1.10.1 **Ampte:**

1.10.1.1	President
1.10.1.2	Vise-president
1.10.1.3	Raadsekretaris
1.10.1.4	Raadtesourier
1.10.1.5	Raadsveearts
1.10.1.6	Raadtydhouer
1.10.1.7	Direkteure van die nasionale kampioen

skappe

1.10.1.8	Bestuurders van die senior en junior

nasionale spanne (kyk 2.2.12)

1.10.2 **Staande komitees:**

1.10.2.1	Bane en roetes
1.10.2.2	Mediaskakeling en beeldbou
1.10.2.3	Nuusbrief en kommunikasie
1.10.2.4	Borge en bemarking
1.10.2.5	Regsaangeleenthede
1.10.2.6	Statistiekburo
1.10.2.7	Internasionale Skakeling

Voorsitters van staande komitees word so ver moontlik uit

die geledere van raadslede benoem.

1.10.3 **Ad <u>hoc komitees</u>**

1.10.3.1 Benoem na gelang van behoeftes en omstandighede.

1.10.4 **Pligte en verantwoordelikhede**

1.10.4.1 Ampsdraers, staande komitees en ad hoc

komitees ontvang hul opdragte van die Raad maar bou ook hul portefeuljes uit na goeddunke en ter bereiking van die doelstellings van die Vereniging.

1.10.4.2 Die voorsitters van staande en ad hoc

komitees koopteer lede in hul komitees na goeddunke.

SAMESTELLING VAN DIE RAAD

Die Raad bestaan uit die volgende lede:

1.11.1 'n President, verkies deur die Algemene Jaarvergadering. Die President then vir 'n termyn van drie (3) jaar.

1.11.2 'n Vise-president, verkies deur die Algemene Jaarvergadering vir 'n termyn van twee (2) jaar.

1.11.3 'n Raadsekretaris, aangewys deur die Raad vir 'n termyn van een (1) jaar.

1.11.4 'n Raadstesourier, aangewys deur die Raad vir 'n termyn van een (1) jaar.

1.11.5 'n Raadsveearts, Raadstydhouer, die direkteure van die nasionale kampioenskappe en bestuurders van die nasionale spanne, aangewys deur die Raad vir 'n termyn van een jaar (kyk 1.11.8) tydens die eerste Raadsvergadering na die Algemene Jaarvergadering.

1.11.6 Vier (4) lede, verkies deur die Algemene Jaarvergadering vir 'n termyn van twee (2) jaar.

1.11.7 Die president van elke unie. (Indien die president van 'n unie reeds op die Raad verkies is, benoem die unie 'n ander verteenwoordiger).

1.11.8 Beamptes soos in 1.10.1.3 tot 1.10.1.8 geneem, jaarliks

benoem deur die Raad tydens sy eerste vergadering nd die Algemene Jaarvergadering. (Kyk ook 2.2.12)

1.11.9 Voorsitters van staande komitees soos in 1.10.2 genoem,

jaarliks benoem deur die Raad tydens sy eerste

vergadering nd die Algemene Jaarvergadering. (Kyk 1. 11. 16)

1.11.10 Voorsitters van adhoc komitees (kyk 1.10.3) benoem deur die Raad of sy Dagbestuur.

1.11.11 Verkiesing van die Raadsekretaris en Raadstesourier deur die Algemene Jaarvergadering (Geskrap).

1.11.12 Die verkiesing van die vier gekose lede word insgelyks so gereël dat hul ampstermyne nie in dieselfde jaar verstryk nie. (Ten aanvang word twee vir een jaar verkies en twee vir 'n termyn van twee jaar).

1.11.13 Die ampte van president en vise-president, word vir 'n maksimurn van twee termyne beklee.

1.11.14 Indien 'n vakature op die Raad ontstaan kan die Raad enige lid koopteer vir die res van die ampstermyn ter sake.

1.11.15 By raadsvergaderings het alle lede van die Raad spreekreg en stemreg.

1.11.16 Die Vise-president tree op as voorsitter van die Internasionale Skakelkomitee (ISK). Die ISK bestaan verder uit die Raadsekretaris, Tesourier 'n gekoopteerde FEI-beampte uit die geledere van die Raad (indien nodig) en die Bestuurders van die senior en junior nasionale spanne

1.12 **DAGBESTUUR VAN DIE RAAD**

1.12.1 Die Dagbestuur van die Raad bestaan uit die volgende

lede:
- President
- Vise-president
- Raadsekretaris
- Raadtesourier
- Enige lid of lede van die Raad ad hoc gekoopteer na gelang van behoeftes en omstandighede

1.13 PLIGTE VAN DIE RAAD

1.13.1 As hoogste uitvoerende gesag van die Vereniging is die Raad oorkoepelend verantwoordelik vir die bereiking van die Vereniging se doelstellings op nasionale, streeks- en plaaslike vlak soos uiteengesit in klousule 1.5.

1.13.2 Addisioneel hiertoe moet die Raad toesien dat

1.13.2.1 alle aspekte rakende 'n nasionale span,

waaronder samestelling, aantal lede per span, spandrag, fiksheid van perde en ruiters, keuringsriglyne, en so meer, bepaal, gekoordineer en beheer word.

1.13.2.2 alle inligting en statistiese gegewens oor ritte

wat in Suid-Afrika aangebied word ooreenkomstig die voorskrifte van die Raad aan die Raadsekretaris, die Statistiekburo en die Raadsveearts van die Vereniging besorg word.

1.13.2.3 erekleure en nasionale kleure toegeken word aan lede wat ooreenkomstig die reëls van die Vereniging daarvoor kwalifiseer.

1.13.2.4 alle bepalinge van die grondwet en die reëls

van die Vereniging op klub, uniale en nasionale vlak noukeurig toegepas en nagekorn word.

1.14 RAADS- EN DAGBESTUURSVERGADERINGS

1.14.1 Die Raadsvergadering is die hoogste uitvoerende gesag van die Vereniging en doen verantwoording aan die Algemene Jaarvergadering.

1.14.2 Die Dagbestuur neem operasionele besluite en doen verantwoording aan die Raad.

1.14.3 Die Raad vergader gereeld maar minstens een maal per jaar, ten einde behoorlike bestuur en administrasie van die Vereniging te verseker.

1.14.4 Die Dagbestuur vergader gereeld maar minstens twee keer per jaar, gewoonlik gedurende Mei en Oktober van elke jaar.

1.14.5 Kennisgewings en sakelys van Raadsvergaderings sowel as die notule van die vorige vergadering moet lede minstens dertig (30) dae voor die vergaderdaturn bereik.

1.14.6 Die kworum vir gewone Raadsvergaderings en. Dagbestuursvergaderings bestaan uit minstens 50% van die lede plus een.

1.14.7 Indien 'n kworum nie bereik is nie, word die vergadering vir twintig (20) minute uitgestel waarna die aanwesiges beskou sal word as 'n kworum.

1.14.8 Alle vergaderings geskied volgens normale vergaderingsprosedure soos bepaal in die Administratiefreg.

1.14.9 By 'n staking van stemme het die voorsitter van die vergadering die beslissende stem.

1.14.10 Notule van elke vergadering word deur die sekretaris gehou en word op die daaropvolgende vergadering vir bekragtiging voorgelê.

1.15 SPESIALE RAADSVERGADERINGS

1.15.1 Op versoek (skriftelik by die Raadsekretaris ingedien) van minstens vyf (5) lede van die Raad kan 'n spesiale raadsvergadering belê word.

1.15.2 Kennis van die vergadering en die sakelys word aan alle lede van die Raad gestuur minstens dertig (30) dae voor die vergadering.

1.15.3 Die kworurn vir 'n spesiale raadsvergadering is vyf (5) stemgeregtigde lede.

1.15.4 Slegs die saak of sake waarvoor die vergadering belê is, word bespreek.

1.16 **FONDSE VAN DIE RAAD**

1.16.1 Die Raad genereer sy eie fondse by wyse van klub- en

unie-affiliasiefooie, institusionele ledegelde, skenkings,
borge en so meer.

1.16.2 Fondse van die Raad word uitsluitlik ter bevordering van die doelstellings van die Vereniging aangewend.

1.16.3 Boekhouding van die Raad se finansiële sake geskied stiptelik en korrek en word jaarliks aan ouditering onderwerp. 'n Rekenmeestersverslag word jaarliks aan die Algemene Jaarvergadering voorgelê vir kennisname en besluitneming.

1.16.4 Tekenmagte met die oog op uitbetaling van fondse setel by die Raadstesourier, die Raadsekretaris, die President en die Vise-president. Minstens twee handtekeninge moet op alle uitbetalingsdokumente verskyn.

1.16.5 Die finansiële jaar van die Raad strek vanaf 1 Maart tot 28 Februarie.

1.16.6 Magtiging van besteding berus by die Dagbestuur van die Raad. Alle magtigings moet akkuraat genotuleer word.

1.17 ALGEMENE JAARVERGADERING

1.17.1 Die Algemene Jaarvergadering is die hoogste gesag

van die Vereniging. Alle ander liggame van die
Vereniging, op nasionale-, uniale- en klubvlak, en alle
beamptes en lede is verantwoording verskuldig aan en
gebind deur besluite van die Algemene

Jaarvergadering.

1.17.2 'n Algemene Jaarvergadering (algemene vergadering van lede) word minstens een keer per jaar gehou om sake van algemene belang te bespreek, verslagdoening goed te keur en ter saaklike besluite te neem.

1.17.3 Kennis van die Algemene Jaarvergadering geskied skriftelik deur die Raadsekretaris aan alle lede van die Vereniging minstens veertien (14) dae voor die datum van die vergadering.

1.17.4 Agendapunte en mosies vir bespreking tydens die Algemene Jaarvergadering kan deur lede, klubs of unies ingedien word. Dit moet die Raadsekretaris teen 31 Mei jaarliks bereik.

1.17.4.1 Alle lede mosies word eers by klubbesture en daarna by uniebesture voorgelê vir goedkeuring voordat dit deur die unie by die Raadsekretaris ingedien word vir opname in die agenda van die Algemene Jaarvergadering. Mosies wat deur klubs geinisieer word, word eweneens aan uniebesture voorgelê vir goedkeuring en verdere hantering.

1.17.4.2 Indien 'n mosie op klub- of unievlak afgekeur word, kan daar na die President van UVvSA geappelleer word vir arbitrasie.

1.17.4.3 Mosies wat deur die AN verwerp word word nie weer in die agenda van die eersvolgende AN opgeneem nie.

1.17.5 Die President (in sy afwesigheid die Vise-president) van die Vereniging sit voor tydens Algemene Jaarvergadering Indien beide afwesig is, kies die vergadering 'n voorsitter uit sy geledere.

1.17.6 Die Raadsekretaris neem notules van die vergadering en 16 dit vir bekragtiging aan die daaropvolgende vergadering voor.

1.17.7 Die aanwesige lede by 'n Algemene Jaarvergadering vorm 'n kworum. Geen volmagstemming word by Algemene Jaarvergaderings toegelaat nie.

1.17.8 Besluite geneem tydens 'n Algemene Jaarvergadering word binne 30 dae na die vergadering deur die Raadsekretaris aan alle lede versprei.

1.18 SPESIALE ALGEMENE VERGADERING

1.18.1 'n Spesiale algemene vergadering word belê wanneer twintig (20) of meer lede daarom vra bywyse van 'n skriftelike versoek aan die Raadsekretaris.

1.18.2 Die Raadsekretaris stuur die kennisgewing van die spesiale algemene vergadering met die agenda binne veertien (14) dae nadat die versoek ontvang is, en minstens 30 dae voor die vergadering, aan alle lede van die Vereniging.

1.18.3 Die Raad kan volgens diskresie (geneem bywyse van 'n meerderheidsbesluit) 'n spesiale algemene vergadering byeenroep op dieselfde wyse as in 1.18.2 uiteengesit.

1.18.4 Indien 'n lid per abuis nie kennis van 'n vergadering ontvang het nie, kan hy/sy nie aanspraak maak op die ongeldigheid van die vergadering nie.

1.18.5 Die kworum vir 'n spesiale algemene vergadering is twintig (20) lede.

1.18.6 Indien 'n kworum nie teenwoordig is teen die tyd dat die vergadering moet begin nie, verdaag die vergadering.

1.18.7 Geen volmagstemming word by spesiale algemene vergaderings toegelaat nie.

1.18.8 Stemming geskied by wyse van stembrief tensy die vergadering eenparig anders sou besluit.

1.18.9 Slegs die saak/sake waarvoor die vergadering belê is, word bespreek.

1.19 UNIEBESTURE

1.19.1 Uniebesture is verantwoordelik vir die bereiking van -die doelstellings van die Vereniging op streeksvlak.

1.19.2 Die bepalinge te then effekte word vervat in die reglemente vir uniebesture soos uiteengesit in hoofstuk 6 van hierdie handleiding.

1.19.3 'n Afskrif van elke unie se konstitusie moet by die Raadsekretaris op lêer gehou word.

1.20 KLUBBESTURE

1.20.1 Klubbesture is verantwoordelik vir die bereiking van die doelstellings van die Vereniging op plaaslike vlak.

1.20.2 Die bepalinge te then effekte word insgelyks vervat in die reglemente vir klubbesture soos uiteengesit in hoofstuk 6 van hierdie handleiding.

1.20.3 'n Afskrif van elke klub se konstitusie moet by die betrokke uniesekretaris op leêr gehou word.

1.21 STIGTING VAN NUWE UNIES

1.21.1 Nuwe unies kan uit 'n bestaande unie gestig word deur minstens drie (3) geakkrediteerde klubs (kyk 1.2.5) wat geografies relatief naby mekaar geleë is.

1.21.2 Die stigting van 'n nuwe unie mag nie tot gevolg hê dat 'n bestaande unie sal kwyn nie.

1.21.3 Aansoek om die stigting van 'n nuwe unie word gedoen by die bestaande unie se bestuur (kyk hoofstuk 6).

1.21.4 Die bestaande unie oorweeg die aansoek en maak 'n aanbeveling aan die Raad. Finale beslissing setel by die

Raad.

1.22 NASIONALE VEEARTSPANEEL

1.22.1 Die nasionale veeartspaneel hou toesig oor alle veeartsenykundige aspekte van nasionale en internasionale ritte.

1.22.2 Die hoof van die nasionale veeartspaneel (Raadsveearts) word jaarliks deur die Raad aangewys.

1.22.3 Die veeartspaneel word jaarliks deur die Raadsveearts saamgestel en aan die Dagbestuur van die Raad voorgelê6 vir goedkeuring. Vir hierdie deal kan elke unie die name van verkieslik twee (2) veeartse deurstuur aan die Raadsveearts. Veeartse wie se name deurgegee word hoef nie noodwendig in die bepaalde unie te praktiseer nie, maar die unie wat sy of haar naam

deurgee moet vooraf bevestig dat die veearts vir

In internasionale of nasionale rit beskikbaar is.

1.22.4 Veeartse op klub, uniale en nasionale vlak se pligte sluit die volgende in: (kyk ook hoofstuk 7)

1.22.4.1 Toesig oor die welstand van alle perde

wat in 'n uithourit meeding.

1.22.4.2 Beheer van die optrede en gedrag van

alle ruiters wat- aan 'n rit deelneem in soverre dit 'n invloed op hul perde kan hê

1.22.4.3 Eliminering, vertraging of terughou van

enige ruiter om die welstand van sy/haar perd te verseker.

1.22.4.4 Neem van enige stappe wat nodig geag

word indien 'n perd tydens 'n rit siek, mank of beseer raak.

1.22.4.5 Hou van periodieke vergaderings om

veeartsenykundige aspekte rakende uithouritte te bespreek en voorleggings aan die Raad te maak by monde van die Hoofveearts.

1.22.4.6 Aanwys van die bes voorbereide perd

tydens 'n rit.

1.23 WYSIGING VAN GRONDWET

1.23.1 Enige wysiging van hierdie grondwet vereis 'n twee-derde (2/3) meerderheidstem tydens 'n Algemene Jaarvergadering of 'n spesiale algemene vergadering wat vir die doel belê is.

1.23.2 Enige voorstelle tot wysiging van die grondwet moet skriftelik aan alle lede van die Vereniging gesirkuleer word minstens veertien (14) dae voor die vergadering waartydens die wysigings bespreek gaan word. (Kyk 1.17.4.1)

1.24 WYSIGING VAN REELS

1.24.1 Die Raad is verantwoordelik vir die wysiging en aanpassing van die reëls van die Vereniging soos wat omstandighede vereis. Dit word gedoen aan die hand

van 'n tweederde meerderheidsbesluit tydens Raadsvergaderings. Alle wysigings aan die reëls tree eers in werking sestig (60) dae nadat die Raadsekretaris kennis daarvan aan alle lede gegee het.

1.24.2 Enige lid kan ook die wysiging van 'n reël(s) voorstel Dit word gedoen aan die hand van 'n mosie by die Algemene Jaarvergadering wat met 'n twee-derde meerderheid van stemme aanvaar moet word (kyk 1. 17.4.1 en 2.2.17).

1.25 **BEPERKING VAN VERENIGING SE AANSPREEKLIKHEID EN GESKILBESLEGTING**

1.25.1 Enige perd, motorvoertuig of artikel wat na die terrein waar 'n uithourit (klub, uniaal nasionaal of internasionaal) aangebied word, gebring word, vir watter doel ookal, word soontoe gebring op die uitsluitlike risiko van die eienaar daarvan.

1.25.2 Die Vereniging is nie aanspreeklik vir enige skade gely of besering opgedoen deur van sy lede of besoekers tydens 'n uithourit nie.

1.25.3 Enige lid of besoeker wat 'n perd by 'n uithourit ry ongeag of dit sy/haar eiendom is of nie, doen dit op eie risiko.

1.25.4 Enige geskil of dispuut wat voortvloei uit die interpretasie, toepassing of afdwingbaarheid van die bepalings van die grondwet kan verwys word na die Arbitrasiestigting van SA vir beslegting.

1.26 **ONTBINDING VAN DIE VERENIGING**

1.26.1 Die Vereniging ontbind wanneer 'n twee-derde (2/3) meerderheid van die lede op 'n Algemene Jaarvergadering of 'n spesiale algemene vergadering, spesifiek vir hierdie doel belê so sou besluit.

1.26.2 Die Raadsekretaris stel alle lede van die Vereniging van die ontbindingsvergadering skriftelik in kennis minstens dertig (30) dae voor die vergadering.

1.26.3 Die aanwesiges op die vergadering vorm 'n kworum.

1.26.4 Die Raadsekretaris stel die uniesekretarisse van die ontbindingsbesluit in kennis binne sewe (7) dae na die vergadering.

1.26.5 Die Vereniging kan slegs ontbind wanneer al sy verpligtinge finansieël en/of andersins ten volle nagekorn is teenoor lede, klubs, unies, die Raad of enige ander party wat 'n regsgeldige eis teen die Vereniging sou M.

1.26.6 Na ontbinding dra die Vereniging al sy bates oor aan 'n vereniging of instansie genomineer deur 'n meerderheid van lede aanwesig tydens die ontbindingsvergadering

1.27 **WARE WEERGAWE VAN DIE GRONDWET**

1.27.1 Aangesien hierdie tweede hersiening van die oorspronklike grondwet in Afrikaans opgestel, is,, word dit as die outentieke weergawe van die grondwet beskou.

1.27.2 Die goedgekeurde grondwet en reëls word in boekvorm (harde kopie) by die Raadsekretaris gehou.

Geteken op hierdie sewentiende dag van November 2001 te Bloemfontein namens die Uithouritvereniging van Suid-Afrika.

SEKRETARIS: (Get.) L.J. Dekenah

PRESIDENT: (Get.) J.P. Jordaan

IvWR/amb/920925

HOOFSTUK 2
ADMINISTRASIE EN ORGANISASIE

INLEIDING

Hoewel die Vereniging aanvaar dat die **meeste deelnemers verantwoordelike en ewewigtige mense is, word van die standpunt uitgegaan dat 'n hoogsmededingende en veeleisende sport 'n sekere mate van regulering vereis.**

Die doel van die reëls en regulasies is om te verseker dat mededinging binne sekere parameters geskied en dat regulering, billik en veilig vir elke mededinger is.

Ten einde die **reëling** van **klubritte, verenigingritte, nasionale ritte en internasionale ritte glad te laat verloop is dit dus noodsaaklik dat ampsdraers en lede by die volgende bepalinge sal hou.**

Al die hoofstukke van hierdie handleiding vorm 'n **eenheid. Die administratiewe en organisatoriese bepalinge (Hoofstuk 2) moet altyd saamgelees word met die reëls ten opsigte van deelname (Hoofstuk 3) die riglyne vir die uitleg van roetes (Hoofstuk 4) en die veeartsriglyne (Hoofstuk 7) aangesien** die drie **stelle** inligting **aanvullend en ondersteunend tot mekaar is.**

Verder moet hierdie handleiding saamgelees word met die reëls van die Federation Equestre Internationale (FEI) sover dit betrekking het op uithouritte.

'n Eksemplaar van hierdie reëlboek moet by elke uithourit beskikbaar wees, sowel as 'n eksemplaar van die FEI reëls (waar van toepassing). Dit is die verantwoordelikheid van die ritmeester of sy eweknie.

2.1 **VOORRITTE**

2.1.1. **n <u>Rit moet volgens die reëls aangebied word</u>** Indien 'n rit nie streng volgens die reëls van die Uithouritvereniging van Suid Afrika aangebied is nie (kyk ook hoofstuk 4), sal so 'n rit se uitslae en die kilometers gery, nie erken word nie.

Die Ritmeester sien oorkoepelend toe dat daar by al die reëls ten-opsigte van administrasie en organisasie, van deelname en by die riglyne vir die uitleg van roetes (hoofstukke 2, 3 en 4) gehou word (kyk spesifiek 7.9). Enige klagtes moet skriftelik (kyk 3.1.33) by hom/haar ingedien word. Die ritmeester is lid van die appèlkomitee (kyk ook 2.1.12).

2.1.1.2 Ruiters wat inskryf vir 'n langer distansie as die eerste been moet bewys van affiliasie, ruiterslogboek en perdlogboek voorlê by inskrywing (verwys 3.1-38).

2.1.2 **Minimum ruiters per rit** Ten einde as n amptelike rit erken te word moet daar 'n minimum van tien (10) ruiters deelneem - ongeag die afstand (30 km, 60 km of 80 km) waarvoor lede inskryf Vir <u>100 myler en langer ritte</u> geld die minimum van tien (10) ruiters nie (kyk ook 2.2.8 en 2.2.9).

2.1.3 **Geslote** en **gewonebyeenkomste** Geen geslote klubbyeenkornste mag aangebied word nie. ı n Gewone klubbyeenkoms is oop vir deelname deur enige ingeskrewe en volopbetaalde lid van die Vereniging.

2.1.4 **Lidmaatskap by verskillende klubs:** Hoewel dit nie, as wenslik beskou -word nie, is gelyktydige lidmaatskap van meer as een klub toelaatbaar. So 'n lid moet egter pertinent aandui watter klub sy/haar tuisklub is, aangesien lidnommers ooreenkomstig tuisklublidmaatskap toegeken word.

2.1.5 **Daglidmaatskap** Persone wat nie lid van die Vereniging is nie, mag aan klubkompetisies deelneem teen die betaling van 'n daglidmaatskapfooi. Die fooi word bereken as 10% van die jaarlikse ledegeld van die klub plus die inskrywingsfooi vir die bepaalde rit.

Daar is geen beperking op die aantal ritte waarvoor 'n persoon as daglid mag inskryf nie. Daglede mag slegs die eerste been van n rit ry.

Amptelike sertifikate moet aan daglede wat die rit voltooi, uitgereik word. Geen klubnommer word egter aan 'n daglid

toegeken nie. Ander vorms van erkenning soos rosette, is toelaatbaar. (Kyk 2.1.13).

Daglidmaatskap geld nie vir kilometer krediet met die oog op die nasionale kampioenskappe nie en ook nie vir deelname aan 100 myler of langer ritte nie. (Kyk 2.2.4, 2.2.9 en 2.2.20.5).

2.1.6 **Inweeg van ruiters** Slegs senior ruiters wat vir 80 kilometer of langer afstande inskryf, word geweeg. Ruiters in die 30 km en 60 km afstande neem slegs deel as kinders, juniors of seniors en word nie in gewigsklasse verdeel nie. (Kyk 3.1.1).

Die inweegbeampte kan 'n ruiter te enige tyd tydens 'n rit weeg om seker te maak dat by die oorspronklike inweegmassa en binne gewigsgrense gehou word.

Die inweegbeampte mag 'n ruiter ook te enige tyd tydens die rit stop om te verseker dat gewigte waarmee ingeweeg is wel gedra word. Indien gewigte in orde gevind word, sal die tyd wat so verlore gegaan het aan die deelnemer gekompenseer word. Hierdie ondersoek mag ook by enige ruspunt gedoen word. Deelnemers wat die gewigsverliesgrens oortree kan gediskwalifiseer word. (Kyk ook 3.1.2).

2.1.7 **Aantal lede per senior en junior spanne** Senior spanne bestaan uit ses (6) lede waarvan die tye van die beste vier (4) in aanmerking geneem word, en junior spanne bestaan uit vyf (5) lede waarvan die tye van die beste drie (3) in aanmerking geneem word.

2.1.8 **Loting van rytye en massa-afsitting** By alle ritte (klub of nasionaal) moet die stelsel van loting van vertrektye gevolg word. By 100 myler of langer ritte word massa-afsitting aanbeveel mits die getal inskrywings en terrein dit toelaat.

2.1.9 Laat inskrywings tydens voorritte 'n Ruiter wat om een of ander rede laat by 'n- rit opdaag mag binne een uur nadat die laaste ruiter vertrek het vertrek. Indien hy/sy nog later arriveer, 16 die beslissing om deelname by die voorsitter van die betrokke klub. Indien dit nie 'n klawerblaarbaan is nie, met ander woorde waar die ruspunt verskuif, mag 'n ruiter slegs 30 minute na die laaste perd vertrek.

By 100 myler of langer ritte moet die organiseerders vooraf in kennis gestel word van voorgenome deelname.

2.1.10 **Plesierritte en Hors d'concours** Plesierritte mag nie saam met 'n amptelike uithourit aangebied word nie. Geen lid mag deelneem aan enige rit as "hors d'concours" nie.

2.1.11 **Redes vir nie-voltooing van 'n rit moet aangedui word**

Indien 'n ruiter onttrek of 'n perd uittree of geëlimineer word moet die rede(s) daarvoor duidelik deur 'n veearts op die veeartskaart en die tydkaart en uiteindelik deur die hooftydhouer op die rituitslagvorms aangedui word. (Kyk 3.2.8.1.)

2.1.12 **Dissiplinêre optrede teen 'n lid (kyk ook 1.7.5 tot 1.7.12 en 3.1.33)**

2.1.12.1 Die voorsitter van 'n klub, die diensdoenende hoofveearts, en die ritmeester vorm 'n dissiplinêre of appèl komitee om enige dissiplinêre saak tydens die betrokke rit te hanteer. Die sekretaris van die klub, unie of Raad, nagelang die geval, tree as sekretaris van die dissiplinêre komitee op.

2.1.12.2 'n Lid van die Dissiplinêre Kommitee wie se

gesinslede by 'n dissiplinêre verhoor betrokke is, moet vir daardie spesifieke geval van die komitee onttrek.

By 'n nasionale kampioenskap bestaan die Appêlkomitee uit die President, Vise-president, Sekretaris, Ritmeester en die president (of visepresident in sy afwesigheid) van die unie waarvan die aangeklaagde lid is. Enige beampte of persoon kan na goeddunke op die komitee gekoopteer word.

2.1.12.3 **By** die sitting of vergadering van enige Dissiplinêre Komitee sal die reëls van natuurlike geregtigheid gevolg word. Die aangeklaagde sal skriftelik in kennis gestel word van die klagte teen hom/haar en sal 'n redelike tyd gegun word om hom voor te berei vir die verhoor voor die Dissiplinêre Komitee en sal geregtig wees om self getuienis voor die Dissiplinêre Komitee af te lê, of indien hy/sy verkies om nie persoonlik voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn nie, sal hy/sy geregtig wees om skriftelike vertoë of verduidelikings aan die Disiplinêre Komitee voor te lê. Hy/sy sal ook geregtig wees om getuies ter ondersteuning van sy/haar saak te roep.

By alle dissiplinêre sake moet die klaer en die aangeklaagde die geleentheid gebied word om voor die Dissiplinêre Komitee te verskyn. Indien die betrokke persoon teen wie 'n klag oorweeg word nie persoonlik op die vergadering teenwoordig is om getuienis af te lê, sal die Dissiplinêre Komitee geregtig wees om die tugaangeleentheid' wat tydens die vergadering aan die Disiplinêre Komitee voorgelê word te oorweeg op grond van skriftelike verslae wat aan die Dissiplinêre Komitee voorgelê is.

2.1.12.4 Indien die Dissiplinêre Komitee van mening is dat hy verdere getuienis benodig, is hy geregtig om die tugaangeleentheid te laat oorstaan na 'n volgende vergadering en om verdere skriftelike verslae of mondelingse getuienis te verkry wat op die volgende vergadering voorgelê kan word.

2.1.12.5 Na skuldigbevinding word 'n toepaslike straf opgelê. Die vonnis opgelê deur die Dissiplinêre Komitee teen 'n lid sal nie opgeskort word hangende die uitslag van enige appèl nie maar sal van volle krag en effek bly totdat dit deur die liggaam van appèl opgehef word of deur loop van tyd uitgedien is.

2.1.12.6 'n Lid kan by die betrokke uniebestuur skriftelik appèl aanteken teen die uitspraak van die Dissiplinêre Komitee van 'n bepaalde klub. Indien die appèl nie slaag nie kan 'n verdere appèl by die Raad aangeteken word. Die beslissing van die Raad is finaal.

2.1.12.7 By enige sitting van Dissiplinêre Komitees soos hierbo uiteengesit moet al die lede van die voorgeskrewe Komitee teenwoordig wees, maar indien 'n aanvaarbare verskoning aangebied word vir enige lid wat nie die vergadering kan bywoon nie, sal die lede wat teenwoordig is 'n kworum vorm.

2.1.13 **Slegs ritte 30 km en langer is 'n uithourit**

Ritte van 30 km en langer word as 'n uithourit beskou en kom. as sodanig in aanmerking vir sertifikate, afstandtoekennings, medaljes, balkies, ens. Op alle 30 km sertifikate moet die getal 30 uitgeskryf word. (Kyk 2.1.5 en 2.1.34).

2.1.14 **Sertifikate moet werklike afstand aandui** Die werklike afstand van alle ritte moet aangedui word op die sertifikaat van prestasie wat na die rit oorhandig word aan alle ruiters wat die rit suksesvol voltooi het.

2.1-15 **80 Km en langer ritte tydens dieselfde geleentheid** 'n 80 km rit en 'n langer rit of twee 80km ritte mag by dieselfde geleentheid aangebied word. Albei ritte word in aanmerking geneem as 'n kwalifiserende rit vir die nasionale span (kyk egter 2.2.8 en 2.2.9). 'n Ruiter mag vir een of albei ritte inskryf. By inskrywing moet die ruiter aandui of hy/sy aan een of albei ritte gaan deelneem. Geen verandering in inskrywing word toegelaat na die aanvang van die eerste 'rit nie.

2.1.16 **Langer ritte as 80 km word as 80 km beskou**

2.1.16.1 Ritte van 120 km en langer word as 'n 80 km rit beskou met die oog op deelname aan die Fauresmith 200 nasionale kampioenskap en as 'n kwalifiserende rit vir die nasionale span. (Kyk 2.2.8 en 2.2.9).

2.1.16.2 By 'n 300 myler kan vir die volgende korter afstande ingeskryf word indien die organiseerders van die rit daarvoor voorsiening maak. Dag 1: 140 km, dag 2: 100 km, dag 3: 100 km, dag 4: 140 km, dag 1 en 2: 240 km, dag 2 en 3: 200 km en dag 3 en 4: 240 km.

2.1.16.3 Slegs een rit van 120 km of langer, of dele daarvan (kyk 2.1.16.2) waaraan deelgeneem word in die periode Julie tot Desember geld as 'n kwalifiserende rit vir die daaropvolgende nasionale Fauresmith 200 kampioenskap. Dit geld ook as 'n kwalifiserende rit vir die nasionale span. (Kyk 2.2.8 en 2.2.20.5).

Ruspunte, stoppunte en rustye

2.1.17.1 80 Kilometer ritte Daar moet twee verpligte ruspunte wees; een na ongeveer 30 km en een na ongeveer 60 km; waar die perde vyf-en-veertig (45) minute moet rus. Binne twintig (20) minute na aankoms moet die ruiter sy/haar perd by die veearts(e) aanmeld vir ondersoek. Na die eerste been van die rit (ongeveer 30 km) moet die polsslag 60 slae per minuut of minder wees. Indien nie, word 10 minute straftyd toegelaat waarna die perd weer aangebied moet word vir ondersoek. Indien die polsslag steeds hoër as 60 slae per minuut is volg diskwalifikasie. Na die tweede en derde bene is die maksimurn polsslag 64 slae per minuut. Indien die perd dit oorskrei volg diskwalifikasie. Geen straftyd word na die tweede en derde bene toegelaat nie.

2.1.17.2 100 Mylers en langer ritte. 'n Hekstelsel moet by alle verpligte ruspunte gebruik word. By ritte waar 100 myl -(160 km) in een dag afgelê word, moet daar minstens vyf verpligte ruspunte (uitgesonderd die eindpunt) wees. Minstens een van die houtye moet nie minder as veertig (40) minute wees nie. Die verpligte ruspunte moet min of meer eweredig oor die baan versprei wees behalwe die laaste ruspunt wat nader aan die eindpunt kan wees. By die eindpunt moet perde na 30 minute vir veeartsondersoek aangebied word.

2.1-17.3 300 Mylers Tydens 300 mylers word dieselfde

beginsels toegepas soos by 160 km (100 myler) ritte. Dit impliseer dat daar drie verpligte ruspunte moet wees gedurende die dae wanneer 140 km afgelê word, en twee verpligte ruspunte gedurende die dae wanneer 100 km afgelê word. Daar moet ook 'n minimum van twee stoppunte ongeveer halfpad tussen die verpligte te ruspunte wees. Stoppunte moet ingepas word indien die afstand tussen verpligte ruspunte veertig (40) kilometer of langer is. By die stoppunt moet die perde se inkomende polsslag geneem word. Indien dit vier-en-sestig (64) slae per minuut of minder is, kan die perd weer vertrek. Indien dit hoër is as 64 slae per minuut, moet die ruiter die perd laat rus totdat dit 64 slae per minuut of minder is. 'n Maksimum van twintig (20) minute rustyd word by stoppunte toegelaat.
Die tyd wat by stoppunte geneem (verspil) word, is deel van die rytyd.

2.1.17.4 127 Mylers Wanneer 127 myl (205 km) in een dag

afgelê word, moet daar minstens vier verpligte ruspunte en drie stoppunte wees. Verder geld dieselfde beginsels soos by 100 mylritte.

2.1.18 Veeartsareas en versorgingsarea moet afgespan wees

By alle ritte (klub, unie, nasionaal en internasionaal) moet veeartsareas en areas waar perde versorg word met duidelik sigbare lint of toue afgespan word. Die areas moet groot genoeg wees om 'n gemaklike deurvloei van perde te verseker.

2.1.19 **Water by ruspunte en op baan** Voldoende waterpunte moet

by ruspunte en op die baan voorsien en deurgaans aangevul

word. (Vergelyk ook hoofstuk 4).